

# SPREI-LIGTE

Sou jy as Zambesi-lid van die sprei-ligte wou gebruikmaak, sal die volgende maklike stappe jou in staat stel om in die aand tennis te speel:

1. Gaan na enige kassier by 'n groot **Pick n Pay** (Hyper), of die “money market” kassier by enige **Checkers** en versoek die kassier om 'n strokie / “voucher” vir elektrisiteit te koop (staan bekend as “pre-paid electricity”). Moenie by 'n petrolstasie / garage , Spar winkel ensovoorts koop nie – hulle gebruik nie die “EASYPAY” sisteem nie, en sal dit dus nie op die meters werk nie.
2. Jy het nie 'n kaart of iets nodig nie – meld slegs die **nommer 07099423175 vir Baan B se meter en 07099422540 vir Baan C se meter**. Hierdie is belangrike nommers en kan jy dit gerus op jou selfoon stoor. Die sisteem wat hulle gebruik is “EASYPAY”, en die meter is van “MeterMate”.
3. As jy **1 uur** wil speel, koop 'n “voucher” vir **R15-00**. As jy 2 ure wil speel koop 'n “voucher” vir R30-00. Let wel: sou jy een “voucher” vir R45-00 koop sal al R45-00 op die meter gelaai word – as jy dan slegs 1 uur speel, verloor jy die res! Dis dan beter dat jy eerder 3 “vouchers” afsonderlik van R15-00 elk koop, wat jou in staat sal stel om 3 kere vir 'n uur elk te kan speel.
4. Jy sal 'n strokie / “voucher” ontvang wat 'n **20-syfer kode / nommer** onderaan bevat. Sleutel hierdie kode in op die **sleutelbord** (“meter-pad”) wat in Zambesi se klubhuis se kleedkamer is. Die ligte sal aangaan vir solank as wat jy tyd gekoop het (sien punt 3 hierbo).
5. Indien enige probleme, kontak asb. “**MeterMate**” by tel nr. **076 312 1982**, en laat weet ook vir Danie by **082 779 2431** of Johanna by **0832851366**.
6. Kontak asb. vir Johanna by **0832851366** / epos: [midd@telkomsa.net](mailto:midd@telkomsa.net) om te reël vir 'n **klubsleutel** sodat jy toegang tot die meters het.

## Ligte Besprekings:

### Danie Strydom

#### Maandag

Baan B en C van 17:30-20:00

#### Dinsdag

Baan B en C van 17:30-20:00

#### Vrydag

Baan B van 17:30-19:00